MCA91-6a-3-8

**COASTER BUDAZA**, verklaar:

Ek het in 1959 na Kaapstad gekom. Gedurende September 1961 het ek begin werk by Brooklyn Bors Hospitaal. Ek was reeds ŉ lid van P.A.C. aangesien ek gedurende ŉ algemene vergadering te Langa in 1960, by die organisasie aangesluit het. My naam was net by hierdie geleentheid afgeneem. Ek het geen subskripsiefooi betaal nie. Ek is nie seker wie die spreker by hierdie geleentheid was nie.

Gedurende Desember 1961 het twee lede van die Langa Tak van P.A.C., die hospitaal besoek. Ek ken een van hulle as Mtantala.

Laasgenoemde het my gevra om by die hospitaal se tak van P.A.C. aan te sluit. Ek het hom meegedeel dat ek reeds ŉ lid is, maar dat ek nog nie my lidmaatskapfooi betaal het nie.

Hy het toe aan my gesê dat ene Maxwell Nongawuza, ook werksaam by die hospitaal, die voorsitter van P.A.C. by die hospitaal is en dat ek my fooi aan hom kan betaal om daar ŉ lid te word.

Ek het vir Maxwell genader en 2/6 aan hom betaal. Ek het geen kwitansie of lidmaatskapkaartjie gekry nie.

Ek word nou deur S/Sers. Von Litsenborgh ŉ aantal foto's getoon. Ek wys genoemde Maxwell Nongawuza uit as No.3 op foto XX14.

Ek het hierna geen vergaderings van P.A.C. by die hospitaal of Langa bygewoon nie.

Aan die begin van 1962 was ek gevra deur Maxwell om op te tree as sekretaris van die Tak. Die vorige sekretaris King Chief Ndwayana het nog daar in die hospitaal gewerk, maar wou nie vergaderings bywoon nie. Ek het toe ingewillig om sekretaris te word.

Hierna het ons vergaderings, in die geheim, in ons eetsaal gehou.

2/ .....

Die eerste vergadering was gedurende etensuur in die middag.

Maxwell Nongawuza het opgetree as voorsitter. Myself was sekretaris en penningmeester was Wilford Gedeni No.9 op foto XX12.

By hierdie geleentheid was die vergadering toegespreek deur Mampunya 'n Streeksverteenwoordiger van die Langa kantoor van P.A.C.

Mampunya het gesê dat ons so veel moontlik lede vir P.A.C. moet werf en dat hy dan die name by ons later sal kry.

By latere vergaderings het of Mampunya of Mtantala ons vergaderings bygewoon. Hulle het dan die lede aangespoor om soveel lede moontlik te werf. Wanneer hulle genoeg name van lede het, sal hulle die name na die Parlement stuur.

Hierdeur sal dan by die regering betoog word vir gelyke regte met die wittes, vir hoër salarisse en vir die wegdoening van paswette.

Teen hierdie tyd was Maxwell Nongawusa van die hospitaal ontslaan. In sy plek was ene Willi Salmani, No.12 op foto XX12 aangestel as voorsitter. Ek het toe ook verneem dat hierdie tak bekend staan as die Milnerton Tak van P.A.C.

Die ander lede van die uitvoerende komitee van hierdie tak het bestaan uit die volgende: Sekretaris - Coaster Budaza (myself), No.1 op foto XX12. Ondervoorsitter, Elliot Gqitiyesa, No.11 op foto XX12. Assistent-Sekretaris, Anderson Shenxane, No.2 op foto XX12. Penningmeester was Bennington Damba, No.7 op foto XX12. Ek het nooit die grondwet van P.A.C. gelees of bestudeer nie.

Behalwe Mtantala en Mampunya ken ek niemand van die Streekskantoor van Langa nie.

3/ .....

Ek was bewus van die feit dat P.A.C. 'n onwettige organisasie was. Vir daardie rede was al ons vergaderings en onderhandelings in die geheim gehou. Ek het nie notule op die vergaderings gehou nie. My plig was net om name van lede wat aansluit, te neem.

Ek was nie in 1960 kragtens die noodregulasies aangehou nie. Ek het deelgeneem aan die opmars na Kaapstad.

Met ons vergaderings het ons nooit die woord Poqo gebruik nie. Ek hoor dat die Bantoe oor die algemeen hierdie benaming gebruik. Ek is nie bewus dat daar enige verband tussen Poqo en P.A.C. bestaan nie.

Nooit op enige vergadering waar ek teenwoordig was, was daar gemeld dat daar geweld teen die witman gebruik sal word en dat die regering en of die land met geweld deur die bantoe oorgeneem sal word nie. Ons was ook nooit aangesê om wapens, van enige aard, te vergader vir voorgenoemde doel nie.

Gedurende Februarie 1963 het Mampunya by my besoek afgelê. Hy het 'n skets aan my oorhandig, asook aftrek-papier. Hierdie skets het die volgende areas ingesluit:

Kaapstad-Spoorwegstasie, Woodstock, Soutrivier,
Maitland, Brooklyn en Milnerton.

Die verskillende pad- en spoorwegroetes en bane was op die sketsplan aangebring. Hy het my ook 'n lys van Polisiestasies, Poskantore, Petrolopslagplekke, Kragstasies, ens. gegee. Hy het my beveel om die sketsplan oor te trek en verbeterings aan te bring. Ek moes dan daarop die volgende openbare geboue en installasies, soos bo genoem, daarop uitmerk.

Hy het ook gesê dat een van die groot hoofde van P.A.C. hiervoor sal kom. Ek was op 30 Maart 1963 gearresteer en die polisie het hierop beslag gelê.

Mampunya het aan my gemeld dat hy die voorsitter, Salmani, sal nader om lede vir Task Force uit die Milnerton Tak te benoem. Hulle moet almal jong en fiks manne wees. Ek het hom nie gevra wat die doel van die Task Force sal wees nie. Ek weet nie van enig iemand wat aangestel is as Task Force leier of lede nie.

Ek weet van geen wapens wat vervaardig was nie of van enige persoon wat enige wapens besit het nie.

Op foto's nou aan my getoon, wys ek die volgende lede van P.A.C. uit soos hieronder uiteengesit:

(1) Anderson Shanxani No.2 foto XX12.

(2) Amos Sishuba No.3, foto XX12.

(3) Jackson Dyaba No.5, foto XX12.

(4) Simon Janda, No.6, foto XX12.

(5) Bennington Damba, No.7, foto XX12.

(6) Headman Gqityeza, No.8, foto XX12.

(7) Wilford Gedeni, No.9, foto XX12.
Laasgenoemde het aan die begin van 1963 aan my gesê dat hy bedank as lid aangesien hy te ver in Nyanga woon.

(8) Malayisha Sidlayuja, No.10, foto XX12.

(9) Elliot Gqitiyeza, No.11, foto XX12.

(10) Willie Salmani, No.12, foto XX12.

(11) Jackson Nqangiso, No.1, foto XX14.

(12) Batwell Booi, No.2, foto XX14.

(13) Maxwell Nongawusa, No.3, foto XX14.

(14) Gilbert Gesa, No.4, Foto XX14.

(15) Maxisible Jobaze, No.5, foto XX14.

(16) Alton Bequezi, No.9, foto XX14.

(17) Jackson Metuso, No.5, foto XX13.

(18) Herbert Nombito, No.6, foto XX13.

(19) Matterson Mzilibazi, No.8, foto XX13.

(20) Armstrong Dondolo, No.9, foto XX13.

(21) General Ngudle, No.6, foto XX15.

(22) Ntshontsho Mangweni, No.7, foto XX15.

5/ .....

Die lede soos hierbo genoem, is na my wete almal lede van die Milnerton Tak van P.A.C. (Poqo). Hulle name het almal verskyn in my boek waarin die name van lede aangeteken was.

Hierdie boek was op bevel van hoër gesag verbrand. Al hierdie lede het op een of ander tyd vergaderings van P.A.C. bygewoon en was dan ook bewus dat dit 'n onwettige organisasie is.

(Get.) Coaster Budaza.

Verklaring deur my geneem. Getolk van Xosa na Afrikaans deur: Tolk .................

(Get.) ? von Litsenborgh, S/Sers.

MAITLAND.
17. 4.63.

Die verklaarder erken dat hy ten volle op hoogte is van die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig/bevestig voor my te Maitland.

(Get.) ? von Litsenborgh, S/Sers.
KOMMISSARIS VAN EDE, R.S.A.
17. 4.63.